| | | |
|---|---|---|
| Chairperson: | Gert Labuschagne | Cell: 082 881 5500 |
| Vice-Chairperson: | Tinus Smit | Cell: 084 513 3332 |
| Email: | buurtwagboknes@gmail.com | |


# Boknes Buurtwag Nuusbrief 3 van 2022
# Boknes Neighbourhood Watch Newsletter 3 of 2022

**2022/06/16**

Goeie dag Boknessers / Gooday Boknessors,

Dit is weereens met groot dankbaarheid dat die Boknes Buurtwag Bestuursspan kan terug rapporteer dat ons ‘n relatief lae misdaad-insident tydperk die afgelope 2 maande beleef het. Ons waardering gaan weereens aan die Buurtwag se onderskeie Spanne asook HiTec Sekuriteit en die SAPD vir almal se gesamentlike bydraes gelewer tot die skep van ‘n veilige Boknes. /
It is once again with great gratitude that the Boknes Neighborhood Watch Management Team can report back that we have experienced a relatively low crime incident period over the past 2 months. Our appreciation goes once again to the Neighborhood Watch's respective Teams as well as HiTec Security and the SAPS for everyone's joint contributions to the creation of a safe Boknes.

Ons sien ook uit na die Junie / Julie skoolvakansie tydperk waartydens ons heelwat vakansiegangers in Boknes verwag. Ons vertrou dat die vakansiegangers soos in die verlede gedurende die tydperk ook hul eie basiese persoonlike sekuriteitsmaatreëls sal opskerp en sodoende sal bygedra tot die voorkoming van misdaad in die omgewing. /
We are also looking forward to the June / July school holiday period during which we expect a lot of holidaymakers in Boknes. We trust that the holidaymakers, as in the past during this period, will also step up to their own basic personal security measures and thus contribute to the prevention of crime in the area.

**MISDAAD INSIDENTE / CRIME INCIDENTS**

Die volgende insidente is gedurende April en Mei 2022 via die Buurtwag en of HiTec Sekuriteit gerapporteer en ondersoek: /
The following incidents were reported and investigated during April and May 2022 via the Neighborhood Watch and or HiTec Security:

a. 14 April 2022. Inbraak by ‘n huis in Infante straat. / Burglary at a house in Infante Street.
Die eienaar van die huis woon klaarblyklik oorsee. Die bure het die insident gerapporteer. Dit blyk dat slegs ‘n herlaaibare flitslig vermis word, terwyl al die ander - normaalweg steelbare items, netso gelaat is. Dit mag wees dat die dief(we) versteur is voordat hulle meer kon steel as wat dit blyk te wees. /
The owner of the house apparently lives overseas. Neighbors reported the incident. It turns out that only a rechargeable flashlight is missing, while all the other - normally stolen items, are left as is. It may be that the thief (s) were disturbed before they could steal more than it appears to be.

b. 17 April 2022. Inbraak in ‘n voertuig wat voor ‘n huis geparkeer was in Potgieter straat – Cannonrocks. / Burglary into a vehicle parked infront of a house in Potgieter Street – Cannonrocks.
Die voertuig se agter venster is uitgeslaan. Die inwoners het die lawaai gehoor en na buite gestorm waarop die diewe weg gehardloop het sonder om iets te steel. Nota: Alhoewel hierdie insident buite die Boknes Buurtwag se verantwoordelikheidsgebied val, word dit steeds gerapporteer sodat Boknes inwoners kan kennis neem dat sulke insidente ‘n realiteit is en moontlik ook in Boknes kan plaasvind. /
The vehicle's rear window was knocked out. The residents heard the noise and rushed outside whereupon the thieves ran away without stealing anything. Note: Although this incident falls outside the Boknes Neighborhood Watch's area of responsibility, it is still reported so that Boknes residents can take note that such incidents are a reality and may also take place in Boknes.

21 Mei 2022. Diefstal van solar ligte by ‘n huis in 7de Laan. / Theft of solar lights at a house in 7th Avenue.
Die insident is deur die inwoner op Face Book gerapporteer. Geen verdere detail is beskikbaar nie. /
The incident was reported by the resident on Face Book. No further details are available.

Ongelukkig het die afgelope 2x CPF (Community Police Forum) vergaderings nie plaasgevind nie, en is daar dus geen amptelike SAPS misdaad statistiek verslag beskikbaar nie. Ons deel dus net die statistiek van insidente wat direk aan die Boknes Buurtwag en Hi-Tec Sekuriteit gerapporteer is, met u: /
Unfortunately, the last 2x CPF (Community Police Forum) meetings did not take place, so there is no official SAPS crime statistics report available. We therefore only share the statistics of incidents that were reported directly to the Boknes Neighborhood Watch and Hi-Tec Security with you:

| | Jan ‘22 | Feb ‘22 | Mrt ‘22 | Apr ‘22 | May ‘22 |
|---|---|---|---|---|---|
| Riversbend | 0 | 0 | 2 | 1 | 1 |
| Kariega View & Merry Hill | 1 | 1 | 3 | 2 | 1 |
| Kenton-on-Sea | 5 | 16 | 5 | 10 | 21 |
| Boesmansrivier | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Plase omgewing | 1 | 3 | 3 | 1 | 0 |
| Boknes | 0 | 1 | 3 | 1 | 1 |

**CCTV KAMERA STELSEL / CCTV CAMERA SYSTEM**

Soos onderneem is in ons vorige Nuusbriewe, wil ons graag die CCTV kamera moniteringstelsel verbeter. In die afgelope 2 maande is die stelsel gestabiliseer en ‘n vinniger internet koppeling geïnstalleer. Al die kameras is operasioneel, behalwe een wat ons binnekort gaan skuif en dan daarna

Chairperson: Gert Labuschagne Cell: 082 881 5500
Vice-Chairperson: Tinus Smit Cell: 084 513 3332
Email: buurtwagboknes@gmail.com

weer sal aanskakel. Ons sal ook teen die einde van Junie die sentrale stelsel op 'n "UPS" koppel om dit teen Eskom se fliktuasies te beskerm.

Dankie aan al die persone wat help om die kamera stelsel aan die gang te hou:

- Ons 18 x getroue moniteerders;
- Piet van Tonder wat die kameras skoonhou;
- Ons 4 x kamera koordineerders wat stelsel instandhouding doen;
- Anton, Gert, Zonia en Hi-Tec wat help as daar probleme is;
- Marianne, Aart, Meagan en Bruce wat onlangs toerusting vir die kamera stelsel geskenk het.

As was undertaken in our previous Newsletters, we would like to improve the CCTV camera monitoring system. In the last 2 months the system has been stabilized and a faster internet connection has been installed. All the cameras are operational, except one that we will move soon and then switch it on again after the re-installation. We will also connect the central system to a "UPS" by the end of June to protect it against Eskom's fluctuations.

Thanks to all the people who help keep the camera system running:

- Our 18 x faithful monitors;
- Piet van Tonder who keeps the cameras clean;
- Our 4 x camera coordinators who do system maintenance;
- Anton, Gert, Zonia and Hi-Tec who help when there are problems;
- Marianne, Aart, Meagan and Bruce who recently donated equipment for the camera system.

Daar is steeds 'n behoefte vir meer CCTV kamera moniteerders. Indien u graag betrokke wil wees met die funksie, kan u vir Naas Ferreira skakel om u verder leiding in die verband te gee. /

There is still a need for more CCTV camera monitors. If you would like to be involved with the function, you can call Naas Ferreira who will give you further guidance in this regard.

**BUURTWAG PATROLLIE EN BYSTAND / NEIGHBOURHOOD PATROL AND STANDBY SERVICES**

Die Boknes Buurtwag Patrollie funksie se effektiwiteit spreek vanself deur die lae misdaadsyfer vir die omgewing. Ons glo dat die huidige na-nag (na 24h00) voertuig patrollies ook positief bydra tot die effektiwiteit van die Buurtwag se aksies. Ons wil egter weer 'n versoek herhaal wat ons by verskeie geleenthede voorheen geplaas het. Die versoek is dat huiseienaars hul erfnommers duidelik voor op hul huise of hekke moet aanbring. Die erfnommer help as verwysingspunt ten tye van 'n noodsituasie of insident. Erfnommers wat veral in die aand duidelik vertoon kan selfs help om lewens te red as 'n ambulans bestuurder byvoorbeeld 'n adres moet soek. Ons vra u om asseblief dringend aan die versoek aandag te skenk. /

The effectiveness of the Boknes Neighborhood Watch Patrol function speaks for itself based on the low crime rate for the environment. We believe that the current late-night (after 24h00) vehicle patrols also contribute positively to the effectiveness of the Neighborhood Watch's actions. However, we would like to re-emphasize a previous request made on several occasions. The request is that homeowners should clearly affix their street numbers at the front of their homes or gates. The erf

number helps as a reference point in the event of an emergency or incident. Erf numbers that are clearly displayed, especially in the evening, can even help save lives if an ambulance driver, for example, has to look for an address. We ask you to please pay urgent attention to the request.

Dit blyk dat die Ndlambe Munisipaliteit se kontrakteur redelik goed vorder met die herstelwerk aan die straatligte. Ons wil ook vra dat inwoners wat straatligte wat buitewerking is wil rapporteer, dit direk per Whatsapp boodskap aan Piet van Deventer moet deurgee asseblief. Uiteraard gaan die erfnommers ook in hierdie geval belangrik wees. /
It appears that the Ndlambe Municipality's contractor is progressing fairly well with the repairs to the street lights. We would also like to ask residents who want to report street lights that are out of order to please notify Piet van Deventer directly via Whatsapp message. Of course, the erf numbers will also be important in this case.
Ons versoek ook net weer dat indien u enige verdagte of kriminele aktiwiteite sien gebeur, of self 'n slagoffer is, of weet van 'n insident wat met iemand anders in die omgewing gebeur het, dat u dit asseblief onverwyld aan die SAPD, HiTec Sekuriteit en die Boknes Buurtwag se bestuur rapporteer. Dit sal ons instaat stel om te verseker dat die insident behoorlik ondersoek word. /
We also request again that if you see any suspicious or criminal activity happening, or are a victim yourself, or know of an incident that happened to someone else in the area, that you please report it to the SAPS, HiTec Security as well as the Boknes Neighborhood Watch's management. This will help us to ensure that the incident is properly investigated etc.

**PLAKKER SITUASIE BY DIE VULLIS AREA / SQUATTER SITUATION AT THE LANDFILL AREA**

Ongelukkig moet ek myself herhaal in die verband. Die situasie met die onwettige plakkers en hul strukture by die vullisstortterrein ("Tip") is nog steeds nie opgelos nie. Na verskeie beloftes van aksie-planne deur die Munisipaliteit blyk dit nou dat hulle uiteindelik met 'n regsproses begin het om 'n uitsettingsbevel te verkry. Verder het die Munisipaliteit 'n nuwe hek by die Tip geïstalleer. Ongelukkig word die hek nog nie gebruik vir toegangsbeheer beheer nie en is die heining rondom vervalle, en daarom is dit dus 'n sinnelose oefening sovêr. Ons hou egter ons hoop op die uitreiking van die finale "uitsettingsbevel" om hierdie onaanvaarbare situasie op te los. /
Unfortunately, I have to repeat myself in this regard. The situation with the illegal squatters and their structures at the landfill ("Tip") has still not been resolved. After several promises of action plans by the Municipality, it now appears that they have finally started a legal process to obtain an eviction order. Furthermore, the Municipality has installed a new gate at the Tip. Unfortunately, the gate is not yet used for access control and the fence around it is dilapidated, so it is a pointless exercise so far. However, we keep hoping for the issuing of an "eviction order" to resolve this unacceptable situation.

**GESPREKKE MET AFRIFORUM / CONVERSATIONS WITH AFRIFORUM**

Die Buurtwag Bestuur het in ons vorige Nuusbriewe bekend gemaak dat ons besig is om te onderhandel met AfriForum om 'n werk- / affiliasie ooreenkoms met hulle te sluit. Die Boknes Buurtwag Bestuur sal in Julie 2022 'n "oop-uitnodiging-vergadering" reël vir alle belangstellende

Boknes inwoners. Die voorligting sessie sal aangebied word deur senior Afriforum verteenwoordigers. U is egter welkom om intussen met enige van die Boknes Buurtwag Bestuurslede persoonlik te skakel indien u reeds op hierdie stadium meer wil uitvind van die beplande ooreenkoms met Afriforum. Julle positiewe betrokkenheid sal baie waardeer word met hierdie projek. /
The Neighborhood Watch Management announced in our previous Newsletters that we are negotiating with AfriForum to conclude a work- / affiliation agreement with them. The Boknes Neighborhood Watch Management will hold an "open invitation meeting" for all interested Boknes residents in July 2022. The information session will be facilitated by senior Afriforum representatives. In the meantime, you are welcome to contact any of the Boknes Neighborhood Watch Management members in person if you would like to find out more about the planned agreement with Afriforum at this stage. Your positive involvement with this Project will be greatly appreciated.

Die hoof beweegredes vir die beplande affiliasie met AfriForum is dat AfriForum se Buurtwag Afdeling professionele ondersteuning bied in terme van Regsadvies en Regsverteenwoordiging asook logistieke steun en opleiding. Daar is reeds meer as 150 Buurtwagte regoor Suid Afrika wat by AfriForum feaffilieer is. Volgens AfriForum se hoofkantoor is daar tans meer as 100 AfriForum lede geregistreer in die Ndlambe Munisipale gebied. /
The main reasons for the planned affiliation with AfriForum are that AfriForum's Neighborhood Watch Division provides professional support in terms of Legal Advice and Legal Representation as well as logistical support and training. There are already more than 150 Neighborhood Watches across South Africa who are affiliated with AfriForum. According to AfriForum's head office, there are currently more than 100 AfriForum members registered in the Ndlambe Municipal area.

**ALGEMEEN / GENERAL**

Die Buurtwag Bestuur wil weer die geleentheid gebruik om aan al die inwoners en huiseienaars wat ons die afgelope paar maande finansieël ondersteun het, baie baie dankie te sê. Dit is ongelukkig prakties onmoontlik om elkeen van u individueel of persoonlik te bedank, maar ons aanvaar dat u hierdie woorde van waardering sal aanvaar. Dit is u wat dit vir ons moontlik maak om effektief te kan funksioneer en om 'n veilige Boknes te kan verseker. /
The Neighborhood Watch Management would like to take this opportunity to thank all the residents and homeowners who have supported us financially over the past few months. It is unfortunately practically impossible to thank each and every one of you individually or personally, but we accept that you will accept these words of appreciation accordingly. It is you who make it possible for us to function effectively and to ensure a safe Boknes.

Ons sluit weereens af met die versoek dat u hierdie Nuusbrief moet deel met ander Boknessers en veral ook nuwe inwoners wat nog nie deel is van die Boknes Buurtwag Span nie. Nooi nuwe Boknessers om enige van die Bestuurspan lede te skakel op die selfoonnommers soos aangedui op die lys aan die einde van hierdie Nuusbrief. Ons sien uit daarna om hulle as deel van die Buurtwag Span te betrek. /
We conclude once again with the request that you share this Newsletter with other Boknessors and especially also new residents who are not yet part of the Boknes Neighborhood Watch Team. Invite

| | | |
|---|---|---|
| Chairperson: | Gert Labuschagne | Cell: 082 881 5500 |
| Vice-Chairperson: | Tinus Smit | Cell: 084 513 3332 |
| Email: | buurtwagboknes@gmail.com | |


new Boknessors to call any of the Management Team members on the cellphone numbers as indicated on the list at the end of this Newsletter. We are looking forward to involve them in the Neighborhood Watch Team.

Beste wense, en geniet ons pragtige dorpie. / Best wishes, and enjoy our beautiful village.

Boknes Buurtwag Bestuur / Boknes Neighborhood Watch Management Team

**<u>Kontak Nommers vir Boknes Buurtwag / Contact Numbers for Boknes Neighbourhood Watch</u>**

| | | |
|---|---|---|
| **Voorsitter / Chairperson** | **Gert Labuschagne** | **082 881 5500** |
| **Onder Voorsitter / Vice Chairperson** | **Tinus Smit** | **084 513 3332** |
| **Sekretaresse / Secretary** | **Santa Labuschagne** | **082 384 6446** |
| **Patrollie Leier / Vehicle Patrol Leader** | **Piet van Deventer** | **082 874 0227** |
| **Bystand Span Leier / Standby Team Leader** | **Gavin Mew** | **081 766 9644** |
| **Kamera Monitering Leier / Camera Monitoring Leader** | **Naas Ferreira** | **083 253 6862** |
| **Brand Span Leier / Fire Team Leader** | **Vakant** | |
| **Tesourier / Treasurer** | **Martilie Bakker** | **082 689 5360** |
| **Addisionele Lede / Additional Members** | | |
| **Cannon Rocks** | **Phillip du Plessis** | **082 586 9592** |
| **Kamera Stelsel / Camera System** | **Zonia Visser** | **072 547 0457** |
| **Tegniese ondersteuning** | **Anton Kok** | **082 964 3123** |

**<u>NOOD NOMMERS / EMERGENCY NUMBERS</u>**

| | |
|---|---|
| **Ambulans / Ambulance** | **046 624 4240** |
| **SAPD / SAPS** | **046 653 0089** |
| **Brandweer / Fire Brigade** | **046 624 1111** |
| **HiTec Security Services** | **046 648 1032** |
| **Veearts** | **046 648 1722** |

Boknes Sekuriteit en Buurtwag
First National Bank
Takkode: 210917 Port Alfred
Rekening nommer: 62509193976
Meld u naam of Boknes straat adres as verwysing asb